



## **NGB Artikel 5**

### **DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF**

**Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.**

In lyn met Calvyn se redenasie oor die Skrif, moet ons saamstem dat die kerk nie gesag gee aan die Bybel nie. Ons lees in Efesiërs 2:19–20: “*So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is*”. Uit hierdie is dit duidelik dat die Bybel en Christus die fondasie en hoeksteen is waarop die kerk gebou is. Die Bybel is met ander woorde die gesagvolle dokument in die geloofsgemeenskap. Die Bybel se gesag gee aan die kerk gesag in soverre die kerk die Skrif verkondig. Die posisie van die Skrif is onaantasbaar.

God is skynbaar tevrede dat menslike taal genoegsaam is vir Openbaring en kommunikasie. God is skynbaar tevrede dat hierdie versameling geskifte genoegsame gegewens en getuienis bevat om ons in geloof te

bring en te hou. God het taal daargestel en aan elke mens die vermoë gegee om taal te verstaan. Dit volg daaruit dat elke mens die Bybel kan lees en verstaan, dat elke mens die gesag van die Bybel uit die Bybel self kan aflei en vertrou. God verwag van ons om Sy Woord te hoor, te verstaan en daarvolgens te lewe. Teen hierdie agtergrond kan ons nou gaan kyk na die verskillende begrippe wat na vore kom in Artikel 5 van die NGB. Die Bybel sal gesag hê solank gelowiges aanvaar dat die Here die outeur is.

Die Bybel is deur God geïnspireer en het daarom godsdienstige waarde; dus kan dit gebruik word om dwaling aan te spreek en God se wil te openbaar. Ons gaan God se wil vind in die bestudering van die Bybel, nie in die ondersoek en nadenke oor die skepping nie. Ons sien God se hand in die skepping, maar leer niks van Sy aard of wil daarin nie.

### **Ons aanvaar al hierdie boeke,**

Die Reformasie se wekroep *sola scriptura* maak nadenke oor die aard, omvang en gesag van die Bybel van kardinale belang. Na die een kant toe word gestel dat al hierdie boeke gesag dra. Geen onderskeid word getref nie. Dit veronderstel 'n harmonie waar al die boeke saam een boodskap dra, komende van die Een God. Net omdat mense soms sekere boeke van minder belang ag, maak nie dat daardie boeke minder gesag het nie. AL die boeke in die kanon dra dieselfde gesag.

### **en hulle alleen,**

Dit is net hierdie boeke wat hierdie gesag het. Daar het ander boeke ontstaan in dieselfde tyd en na die

ontstaan van die kanonieke boeke, maar hierdie boeke staan teenoor hulle. Die kanon is in beginsel oop, maar die boeke wat in die kanon opgeneem is, staan teenoor alle ander bekende geskrifte.

### **as heilig en kanoniek**

Die 66 boeke van die Bybel word uitgesonder en as boeke met volle gesag verstaan. Hulle is die meetsnoer vir dit wat volg. Nie alle boeke gaan in alle tye ewe veel gebruik word nie, maar net hierdie 66 boeke is genoeg om met gesag in enige tyd enige omstandigheid aan te spreek.

### **om ons geloof daarna te rig,**

Hebreërs 4:12 *“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.”* Die Bybel is nie net ’n dokument wat spekuleer en suggereer nie. Dit is die kompas waarmee ons ons geloof rig en stuur. Geloof word deur die Bybel gerig en gemeet.

### **daarop te grondves en**

Ons geloof is gebou op die fondasie van die Bybel, met Christus as die hoeksteen. Geloof word telkens getoets aan die Woord om seker te maak daar word steeds binne die ruimte van God se wil gebou. God se Heilige Skrif is gelyk ook ’n lewende dokument wat by wyse van spreke daagliks in interaksie met ons verkeer.

### **daarmee te bevestig.**

Die Bybel is ook ’n troosdokument wat ons telkens verseker dat ons op die regte pad is. Dit beteken dat ons elke keer weer die Bybel sal raadpleeg en

na die verkondiging van die Woord sal luister.

### **Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is,**

Die Bybel is nie ’n neutrale dokument wat met belangeloosheid gelees en dan eenkant geplaas kan word nie. Die Bybel se inhoud roep ons tot geloof. Hierdie geloof is ’n geloof wat met rede vertrou, nie ’n naïewe geloof nie. Ons glo alles wat in die Bybel staan met die onderskeidingsvermoë wat aan ons gegee is. Ons lees poëtiese taal met al die beeldspraak raak, onderskei tussen beelde en die sake wat deur beeldspraak aangedui word en hou dan vas aan die waarheid wat deur hierdie taalpatroon gedra word. Ons lees in Psalm 75:3 *“Al wankel die aarde en al sy bewoners - Ék het sy pilare vasgestel. Sela”*. Dit beteken nie dat die aarde letterlik op pilare is nie. Tog verstaan ons dat God in Sy skeppingsmag die aarde stabiel geskep het. So doen ons ook met al die genres van die Bybel. Gelei deur die Heilige Gees soek ons telkens na die waarheid wat in die Bybel verwoord word.

### **nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie**

Hierdie stelling moet weer onderstreep word. Die Bybel ontvang nie gesag omdat die kerk, ’n sinode of ’n enkeling so besluit nie. God is deur die Heilige Gees die outeur van die Bybel en daarom dra die Bybel inherent al die gesag. Hierdie gesag sal daar wees, ook al sou die hele menslike geslag dit verwerp.

### **maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.**

God self plaas die oortuiging in ons harte dat die Bybel se 66 boeke elk ’n

menslike outeur het, maar van God af kom.

**Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself,**

Die boeke van die Bybel het intern ook gesag. Hulle praat met gesag omdat dit inherent eie is aan hulle aard. Ons verwys soms na mense as natuurlike leiers omdat mense hulle maklik volg. So is dit dat die boeke van die Bybel “natuurlike gesag” het, hulle kom van God en moet daarom ernstig aangehoor word.

**aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.**

Die vanselfsprekendheid van die interne gesag van die Bybel kan op geen manier ontken word nie. Die Bybel spreek net die Woord van Waarheid en daarom gebeur dit wat in hierdie boeke gesê word. Die Bybel se interne gesag is duidelik, maar daar is ook dinge in die wêreld rondom ons wat die stellings in die Bybel bevestig. Die feite in die Bybel het natuurlik ook 'n historiese fondament. Die uittog, die koningskap van Dawid (die ander vertellinge in die Ou Testament) en alles rondom Jesus Christus se koms is historiese vaste feite. Ons ken die Bybel as God se Woord, ook omdat daar soveel bewyse in die gewone geskiedenis en in die argeologie terug gevind kan word.

Die wisselwerking tussen interne en eksterne bewyse vir die waarheid van die Bybel kan rondom Christus verduidelik word. Daar is genoeg eksterne historiese dokumente wat verwys na Jesus se kruisdood (ekstern) terwyl daar meer as drie honderd Messiaanse profesieë in die Ou Testament is (intern).

Die verstommende harmonie wat daar bestaan tussen die 66 boeke is opvallend. Die feit dat die boeke hulle ontstaan gehad het oor 'n tydperk van meer as een duidend vyf honderd jaar, dui op God as inspirerende outeur. Die Bybel is die enigste gesagvolle Openbaring wat ons beskikbaar het.